higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4

(Eerste Vraestel)

(5140254)

13 November 2019
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.

GEEN elektroniese woordeboeke mag gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Jy besit 'n gesondheidswinkel, *Eksklusief Gesond*, wat gesondheidsprodukte verkoop. Die winkel is in Parow geleë.

Jy wil die publiek oorreed om ander mense in ag te neem met hulle rookgewoontes. Jy wil ook rokers bewus maak van die gevare van die rookgewoonte.

VRAAG 1: PRÉCIS

Lees die artikel 'Sigaretmaatskappy het planne vir sonde sonder belasting' in BYLAE A (aangeheg) oor 'n 'goedkoper' manier van rook. Jy wil die inligting gebruik om jou kopers bewus te maak van hoe die ongesonde rookgewoonte reeds in die die media geadverteer word sonder om direk van verbode advertensies gebruik te maak. Gebruik jou eie opskrif en som die artikel in 100 woorde op.

INHOUD	UITLEG	TAAL/SPELLING/STYL
10	5	5

[20]

VRAAG 2: TELEFOONBOODSKAP

Op 3 April het jy 'n onderhoud met die redakteur van die gesondheidstydskrif *Leef* met die oog op 'n artikel wat jy in hulle tydskrif wil plaas. In jou afwesigheid ontvang jou sekretaresse, Anet Nel, namens jou 'n telefoniese boodskap van Pieter Potgieter, die afrigter van 'n plaaslike gesondheidsklub, *Fiks*. Hy vra of jy bereid sal wees om vir hulle marathondag op 15 Julie een gesondheidsdrankie per deelnemer te borg. Gebruik telefoonboodskapvorm in BYLAE B (aangeheg) en skryf die boodskap soos deur Anet Nel afgeneem.

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL
10	-1 per fout van inhoud

[10]

VRAAG 3: KLAGTEBRIEF

Jy bestel reeds die afgelope tien jaar jou gesondheidsdrankies by die vervaardigings-maatskappy *Opkikker.* Jy het onderneem om *Leef* se marathondag op 15 Julie te borg met een gesondheidsdrankie per deelnemer. Dit is 10 Julie en jy het reeds twee weke vantevore jou bestelling geplaas. Gewoonlik word 'n bestelling binne 'n week afgelewer. Skryf 'n brief aan die hoof van bestellings, Jan Brand, waarin jy oor die swak diens kla.

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL	UITLEG
8	4	8

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

Die voorsitter van 'n plaaslike organisasie, *Rookvry*, nader jou om 'n eendag-seminaar te organiseer waarin mense weer eens bewus gemaak gaan word van die gesondheidsgevare wat rook inhou. Jy word gevra om vooraf ondersoek te doen na die belangstelling in so 'n seminaar. Die seminaar word op Saterdag, 9 Augustus, in die Bastion Laerskool in Brackenfell se skoolsaal gehou. Die plaaslike munisipaliteit, rolspelers in soorgelyke antirook-organisasies, maatskappye en die publiek sal genader word, aangesien hierdie onderwerp rokers sowel as nierokers raak.
Skryf die ondersoekverslag waarin jy van ten minste DRIE ondersoekmetodes gebruik maak. Jy mag verder van denkbeeldige inligting gebruik maak.

Gebruik die volgende uitleg:

NAAM VAN ORGANISASIE

ONDERSOEKVERSLAG NA ...

1. OPDRAG EN DOEL
2. ONDERSOEKMETODES
3. BEVINDINGE
4. GEVOLGTREKKING
5. AANBEVELINGS

NAAM

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL	UITLEG
15	10	5

[30]

VRAAG 5: OMSENDBRIEF

'n Groot aantal kliënte van jou gesondheidswinkel asook die algemene publiek stel belang in die eendagseminaar. Stel 'n omsendbrief op waarin jy hulle inlig oor die seminaar wat vir Saterdag, 9 Augustus beplan word. Dit vind plaas in die Bastion Laerskool in Brackenfell se skoolsaal. Dit duur vanaf 09:00 tot 12:00. Tussen 12:00 en 13:00 word 'n vingerete bedien, waarna die seminaar verdaag. Die kursusgangers moet reeds vanaf 8:00 aanmeld om te registreer. Die registrasiegeld is R100 per persoon en die inkomste word gebruik vir 'n landwye antirookveldtog. Die redakteur van die plaaslike gesondheidsblad *Leef,* Natasha Booysen, sal 'n lesing lewer oor hoe om die rookgewoonte te laat vaar. 'n Plaaslike algemene praktisyn, dr Leonard Smith, sal 'n lesing lewer oor die gevare van rook. Skryf die omsendbrief en gebruik die ABBA-beginsel.

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL	UITLEG
11	4	5

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

SIGARETMAATSKAPPY HET PLAN VIR SONDE SONDER BELASTING

'n Vervaardiger van nuwe 'nievlambare' tabaktegnieke glo hulle het 'n skuiwergat gevind om sondebelasting te vermy – en boonop hul gebruikers binnenshuis te laat 'rook'.

Die tabakreus Phillip Morris International (PMI), wat groot handelsname soos Marlboro en Chesterfield besit, stel nou rookvrye sigarette in Suid-Afrika bekend. Die rokery behels 'n toestel genaamd IQOS wat klein tabakstokkies warm maak sonder dat daar enige vlamme en ontbranding is.

Anders as e-sigarette, bevat die IQOS tradisionele tabak wat onderworpe is aan gewone tabakwetgewing, soos die verbod op tabakadvertensies.

Maar Neetesh Ramjee, direkteur van korporatiewe sake, bevestig in 'n onderhoud met RAPPORT daar is twee skuiwergate.

Die definisie van 'ROOK' in die Wet op die Beheer van Tabakprodukte vereis 'ontvlamming'. Die definisie is so verwoord sodat tabakprodukte soos kougom en snuifprodukte nie as 'rook' beskou word wat binnenshuis verbied moet word nie.

Ramjee glo die definisie plaas hul IQOS binne die kategorie van produkte wat op enige plek gebruik kan word. 'As iemand in 'n winkelsentrum loop en tabak snuif, is dit is dit nie teen die wet nie. Op dieselfde manier kan jy die IQOS binnenshuis gebruik'.

Die 'rook'-definisie hou egter 'n tweede, aansienlik groter, voordeel vir PMI in. Dit is nie tans onderhewig aan aksynsbelasting, soos produkte wat gerook word nie.

Die aksynsbelasting is tans R14,30 per pakkie sigarette. Dit is 52% van die rakprys van die gewildste sigarethandelsnaam in Suid-Afrika, Peter Stuyvesant Red.

Heets, 'n pakkie van 20 stokkies, verkoop teen sowat R35 per pakkie, wat die winsmarges van PMI aansienlik opstoot.

Indien die regering aksynsbelasting op nieontvlambare tabak begin hef, hoop Phillip Morris om die regering te oorreed dat dit ten minste laer moet wees vir sigarette wat nie ontvlam nie op grond van die produk se beweerde gesondheidsvoordele in vergelyking met tradisionele produkte.

[Aangepas uit: *Die Burger* - Dewald van Rensburg]

Kopiereg voorbehou

BYLAE B **EKSAMMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2

TELEFOONBOODSKAP	
AAN: _____	VAN: _____
DATUM: _____	FIRMA: _____
TYD: _____	TEL: _____
□ Het geskakel □ Skakel terug	□ Sal weer skakel □ Verlang 'n afspraak

BOODSKAP: _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

BOODSKAP GENEEM DEUR: _____

[10]

Kopiereg voorbehou